# Hey!
# Brokkies Nuus
# Februarie 2013

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Tydens die korste maand was daar beslis nie 'n tekort aan nuwe nuus nie!! Ons is opgewonde om dit met jou te deel !**



Die pragtige gesig: 'n see van De Hoop gesiggies wie aandagtig luister na God se "toolbox" Hulle het ELKEEN 'n belangrike rol

**'n Paar hoogtepunte hierdie maand:**

1. Die maand het afgeskop met **saalopening by De Hoop laerskool** in Somerset-Wes waar die boodskap was dat **ons almal gereedskap is in God se "toolbox" en elkeen is uniek geskep om die spesifieke taak te doen** waarvoor Hy jou en niemand anders gemaak het nie. Jy is daar met 'n spesiale doel Dis 'n ongelooflike voorreg om na die see van gesiggies te kyk voor jou en Jesus met hulle te deel! *Op sulke dae kan ek nie help om opnuut bewus te wees van die geweldige belangrike rol wat skole en onderwysers in kinders se lewens speel en dat gebed so nodig is vir skoolhoofde en personeel wie in 'n lewende verhouding met God staan.*
2. **Lochnerhof se pre-primêre skooltjie (Lochieland)** se **graad RR en R klasse het begin met Bybellesse vir elke klas** en die gesoute span wie die laerskool bedien help hier asook 'n paar nuwe mammas! Wat 'n Godgegewe geleentheid is dit nie om reeds op 4jarige ouderdom geestelik in kleuters se lewe te kan begin inbou!



Opgewonde Lochies is ♥ vir Jesus

3. Soos verlede maand berig veroorsaak CAPS dat Hey! korter tydgleuwe het by skole of soms is daar net nie tyd soos by Lawrencia in De Novo MAAR daar word ook geleenthede geskep waar kinders na skool moet wag. By **Lawrencia** is die hoof genader en sy het saamgestem dat dit 'n goeie idee is om in tyd wat kinders vir bus/vervoer wag **Bybellesse** te gee.Vanessa het kinders genader en daar was **111 leerders** wie aangedui het dat hulle hierin belangstel! En so groei bediening steeds hoewel struikelblokke in pad kom van tyd tot tyd! God IS in beheer, altyd ♥
4. Ek en Chris het afspraak met **Gordonsbaai primer** gehad en goeie nuus ontvang dat hoof ook positief is dat Hey! daar kan help bedien. Dit sal 'n tydsgleuf wees na skool voor sport en ons gaan die **Hoop vir Kinders** program doen. Dit word vir die 2de kwartaal beplan.
5. Ons was 6 aanbieders wie **Explorers Club opleiding** deurloop het op 22 Feb. Die program is gebaseer op basiese Bybelse waarhede vir Evangelisasie en dissipelskap van kinders.
6. **Blaauwklippen** se lesse skop af.Henriette gaan **Explorers club** daar doen. Lekker om hier te kan dien!



Blaauwklippen se vrolike span kinders

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**



Beaumont se 1ste tennisspan wie na SunCity getoer het met Hey! waterbottels !

Ons vra steeds gebed vir **groepleiers/aanbieders** wat huidiglik deel is van span maar ook vir **nuwe werkers**. Die groeiende bediening verg ook groter **finansies**! Bid ook hiervoor asb. As jy betrokke wil raak deur **debietorder** gaan na **www.hey.org.za en kliek op donate bubble.** As jy 'n **Hey! kollekte blikkie** wil help volmaak kontak my gerus!
**Dankie vir jou hulp om Matteus 5:16 waar te maak!**

